

17 Junie

Niks kan ons van sy liefde skei nie!

**Skrifgedeelte: Romeine 8:33-39 (maar lees gerus die hele hoofstuk)
Fokusgedeelte: Romeine 8:37-39**

Aanvaar jy die Bybel se beloftes met jou hele hart – of klink dit soms te goed om waar te wees? Iemand wat regtig swaarkry, soek nie goedkoop beloftes nie. As 'n mens eers op 'n (valse) belofte staatgemaak het en dié toe soos 'n gekraakte kerie onder jou padgegee het, is dit selfs swaarder om weer aan die gang te kom. En ons wil so graag, sonder huiwering, heelhartig glo ...

En nou *Romeine 8:29-31*: beloftes waarmee ons mekaar gereeld in ons swaarkry en hartseer bemoedig: “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet ... (niks en niemand) kan ons van die liefde van Christus skei nie.”

Maar kyk, die Here belowe ons nié hier dat ons élke stryd sal wen nie. Dis juis waarom selfs betroubare beloftes soms teleurstel – as ek iets daarin inlees wat God nie bedoel of belowe het nie. Daarom: wat belowe Hy hier?

Romeine gaan oor hoe God sondaars se verhouding met Hom herstel. En dis die evangelie: Jesus Christus het alles gedoen wat nodig is om my en jou eens en vir altyd met God te versoen. God red mense – en Hy laat Hom deur niks en niemand keer om die mense te red wat Hy wil nie, dié wat Hy liefhet. As God jou vir Hom gekies het, red Hy jou. As jy in Jesus Christus glo, hét God jou gekies en is jy gered. *En niks gaan dit verander nie*. Dís wat hier belowe word. Daar kan nie iets gebeur en dan is jou saligheid skielik in gedrang nie. Nie enige bese mag of bonatuurlike krag, nie 'n engel of bese gees of enige mens, nie die dood, nie siekte, armoede of rykdom, nie die omstandighede waarbinne jy gebore is of waarbinne jy lewe, kan maak dat God jou nié verlos as Hy besluit het om jou te red nie.

Toegegee, dis nié 'n “*quickfix*” vir elke probleem nie. Maar hiervan *kan* ons saam met Paulus *oortuig* wees en saam met hom juig: Niks kan ons wat in Jesus Christus glo, van sy liefde skei nie. Wat *Hy* doen, *sal* uiteindelik die deurslag in ons lewens gee.

Glo jy dit met jou hele hart? Doen so!

Sing: Psalm 73:1, 10 ('36-beryming) of Psalm 91:3 (TT Cloete)

Ds. Francois Muller (Buffeldoorns)